November 2026
Guardian-plan

Geagte Lid

VOORDELE EN BYDRAES VIR 2027

Transmed Mediese Fonds stel hiermee die voordele vir die Guardian-plan vir 2027 bekend. U voordelegids is by hierdie brief ingesluit en sal u help om te verstaan hoe om u mediese voordele die beste te bestuur.

Voordeelveranderinge vir 2027

Transnet voorsien steeds aansienlike befondsing om die Guardian-plan te onderhou, wat die Fonds in staat gestel het om alle bestaande voordele op hierdie plan in 2027 te behou.

Hierbenewens is die brilraamvoordeel verbeter om lede meer dekking vir hierdie diens te bied.

Ander voordeellimiete en geselekteerde sublimiete is verhoog in lyn met verwagte tariefverhogings.

Indien u hulp of duidelikheid benodig met enige voordele, skakel asseblief ons kliëntediensdepartement by **0800 110 268** en praat met ons kliëntediensagente, wie u met graagte sal bystaan.

Bydraes vir 2027

Met die befondsingsondersteuning van Transnet, sal ledebydraes met slegs 2% verhoog word. Die bydraetabelle in die ingeslote voordelegids vir 2027 verskaf meer besonderhede.

Let asseblief daarop dat hierdie voordeel- en bydraeveranderinge steeds aan goedkeuring deur die Raad van Mediese Skemas onderhewig is.

24-uur-voorafmagtigingsdiens

Transmed wil u graag herinner aan die voorafmagtigingsdiens (tolvry by **0800 225 151**) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

Dokter-advieslyn

Hello Doctor is ‘n selfoongebaseerde diens wat u direkte toegang tot gekwalifiseerde dokters vir gesondheidsadvies en -inligting bied.

Verwys asseblief na die voordelegids vir meer besonderhede oor hoe om van hierdie diens gebruik te maak.

Ambulansdiens

In die geval van 'n mediese noodgeval wanneer 'n ambulans benodig word, kontak AZOZA asseblief by **0800 115 750.** Hierdie diens is ook 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

Het ons u jongste kontakbesonderhede?

Verseker asseblief dat ons u en u afhanklikes se jongste kontakbesonderhede op rekord het, aangesien ons nie wil hê u moet enigiets mis nie!

Vervolg op keersy

PO Box 2269, Bellville 7535/Posbus 2269, Bellville 7535
Enquiries/Navrae: Tel: 0800 110 268 (SATS Pensioners/SAVD Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 0800 450 010 (Working Members and Pensioners/Werkende Lede en Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2026 (Service Providers/Diensverskaffers)
Email/E-pos: enquiries@transmed.co.za **Website/Webtuiste:** www.transmed.co.za

U kan u kontakbesonderhede op datum bring deur met Transmed in verbinding te tree deur middel van een van die volgende kanale:

- Kliëntediensdepartement: 0800 110 268
- E-pos: membership@transmed.co.za

Onthou asseblief ook om die Fonds in kennis te stel van enige veranderinge aan u bankbesonderhede om te verseker dat enige terugbetalings wat aan u verskuldig is sonder vertragings verwerk en betaal kan word.

Ten slotte

Ek wens u en u geliefdes ‘n rustige feestyd en ‘n voorspoedige 2027 toe.

Vriendelike groete



PETRUS WASSERMANN
HOOFBEAMPTE